basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord slegs DRIE vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Veronderstel jy is 'n lid van 'n intergeloofsorganisasie, soos die Wêreldraad vir Godsdiens en Vrede (WRGV). 'n Internasionale nuuskanaal voer 'n onderhoud met jou. Skryf jou antwoorde op die volgende vrae neer:

1.1 Dink jy dat intergodsdienstige samewerking deesdae nodig is? Gee redes vir jou antwoord. (10)

1.2 Brei uit op twee voorbeelde waar intergodsdienstige samewerking in Suid-Afrika of Afrika gewerk het. (10)

1.3 Watter rol het die Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG) in intergodsdienstige dialoog in Afrika gespeel, en watter rol voorsien jy sal dit in die toekoms speel? (10)

1.4 Wat, dink jy, sal die toekomstige rolle van intergodsdienstige organisasies wees? (10)

1.5 Islam word deur baie beskou as 'n vinnig groeiende godsdiens in die Weste. Watter invloed sal dit op organisasies soos die WRGV hê? (10)
[50]

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Armoede word beskryf as die onvermoë van individue of huishoudings om in hulle basiese behoeftes, soos kos, skuiling, klere en mediese sorg, te voorsien. Die armoedesiklus het verreikende gevolge en is nie maklik om te breek nie.

2.1 Waarom moet godsdienstige organisasies in besonder 'n rol in die hantering van armoede speel? Verwys na relevante leringe waar moontlik. (20)

2.2 Gee 'n voorbeeld van ten minste EEN godsdienstige organisasie en noem hoe dit help om armoede te bowe te kom. (14)

2.3 Identifiseer EEN ander sosiale probleem (behalwe armoede) en noem wat godsdienstige organisasies kan doen om dit te hanteer. (16)
[50]

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Wetenskap is iets wat mense in alle kulture al vir baie eeue doen; so ook godsdiens. Daar is dus 'n ou verhouding – soms het hulle gebots en ander kere het hulle mekaar ondersteun.
>
> [Vertaal uit: *Shuters*, bl. 52]

3.1 Kies TWEE van die volgende godsdienste en bespreek hulle oortuiginge oor die konsep van die skepping:

- Afrika Tradisionele Godsdiens
- Hindoeïsme
- Christelike godsdiens (20)

3.2 Skryf 'n opsomming oor die moderne wetenskaplike siening van die skepping. (20)

3.3 Vergelyk die godsdienstige sienings wat jy in VRAAG 3.1 en 3.2 hierbo bespreek het met die wetenskaplike sienings van die skepping. (10)
[50]

VRAAG 4

Bespreek die sentrale leringe van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

4.1 Aard van godheid (10)

4.2 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

4.3 Lewe na die dood (10)

4.4 Die oorwinning oor die bose (10)

4.5 Die aard van die wêreld (10)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou